HOËRSKOOL WONDERBOOM
KULTUURBELEID

1. Doel

Om ‘n beleid daar te stel wat aan die behoeftes van die skool voldoen en die nodige kriteria daar te stel om verantwoordbaar besluite te neem ten opsigte van die kultuuraktiwiteite van die skool.

2. Verskillende aktiwiteite aangebied

Die volgende is ‘n lys van kultuuraktiwiteite wat aangebied word:

- Skoolkoor
- Afrikaans Redenaars
- Public Speaking
- Ad-Libitum Ensemble
- Musiek
- Drama
- Kuns
- Dans
- Eisteddfod en ander Kunswedstryde
- Wonnie Kaleidoskoop Kunswedstryd
- Mnr & Mej Wonnie
- Revue
- Wonnies het talent

3. Kultuurkomitee

3.1 Samestelling van die Kultuurkomitee

Die Kultuurkomitee, bestaande uit die organiseerders van bogenoemde aktiwiteite, bespreek enige aangeleenthede rakende kultuur, onder leiding van die Kultuurbestuurder.

3.2 Pligte en verantwoordelikhede van Komiteelede

Kultuurkomiteelede vergader om doelwitte vir die aktiwiteite te bespreek en terug te rapporteer oor wat reeds plaasgevind het.

4. Instrumente

4.1 Prosedure by die aankoop of huur

Soos beleid van Musiekdepartement bepaal.

4.2 Uitreiking van leerders

‘n Volledige register van instrumente moet gehou word. Die register moet die volgende inligting bevat:

* Tipe instrument
* Datum aangekoop / huur
* Naam van leerder aan wie uitgereik

5. Hoogsbegaafde leerders

5.1 Identifisering

Elke afrigter/organiseerder is verantwoordelik vir die identifisering van hoogsbegaafde leerders.

5.2 Motiveringsgeleenthede

Elke aktiwiteit moet poog om soveel as moontlik blootstelling vir sodanige leerders te bewerkstellig.

5.3 Ondersteuning (finansieel en andersins)

Elke aktiwiteit dien jaarliks ‘n begroting in om sover moontlik finansiële ondersteuning aan besondere aktiwiteite te bied.

6. Skakeling met ouers

Ouers ontvang ‘n jaarprogram met datums van aktiwiteite wat vooraf bekend is. Hulle word ook per brief ingelig rondom enige reëlings of datumwysigings.

7. Deelname aan Kunswedstryde en uitvoerings

* Eisteddfoddeelname word deur die skool gekoördineer en leerders word sodanig ingeskryf.
* Uitvoerings (musiek veral) word op aanvraag / uitnodiging gegee.

8. Prestasietoekennings

8.1 Deelname aan Kunswedstryde en die Eisteddfod word alleenlik as deel van Interne Kultuur gereken indien die leerders deur Hoërskool Wonderboom ingeskryf is en vir die skool deelgeneem het.

8.2 Ander Kultuuraktiwiteite, soos Volkspele, Voortrekkers en Jeugkore word as Kultuur Buite Skoolverband gereken waarvoor daar ‘n afsonderlike reglement vir verwerwing vir half- en erekleure is.

9. Kleure bepalings

9.1 Die skoolkoor moet jaarliks hul nuwe puntetabel vir toekenning van half- en erekleure by Me S Smith indien.

9.2 Die ander aktiwiteite word saamgegroepeer onder die opskrif “INTERNE KULTUUR” en ‘n afsonderlike puntetabel sal deur die Kultuurkomitee uitgewerk en goedgekeur word.

9.3 Dit is egter baie belangrik om daarop te let dat elke tabel jaarliks hersien sal moet word, aangesien die aktiwiteite elke jaar aan ander kompetisies of aan ander geleenthede deelneem, omdat soveel nuwe moontlikhede jaarliks beskikbaar is.

10. Bepaling van Kultuurleerders van die jaar

10.1 Soos by die sport, word die beste vyf aktiwiteite in aanmerking geneem vir die bepaling van die Kultuurleerder van die Jaar. Al die punte word saamgetel en die leerder met die hoogste totaal ontvang die trofee tydens die Lourieraand, slegs binne skoolverband.

10.2 Die erkenningsertifikate vir deelname word tydens die Kultuurdinee oorhandig.

10.3 Groot trofeë rakende Interne Kultuuraangeleenthede word tydens die Lourieraand toegeken. Hierdie saak behoort in oorleg met die Trofeebeleid te geskied.

11. Dux-leerder

Vir die bepaling van die Dux-leerder van gr 10 – 12 moet ‘n punt uit 30 by die akademiese en sportpunte, ook elkeen 30 en leierskap en diens uit 10, getel word.

12. Begroting

Elke organiseerder hanteer sy/haar eie begroting in samewerking met die Kultuurbestuurder.

13. Borge

Alle borge moet ‘n bedankingsbrief ontvang. Groot borge word na die borgefunksie genooi en ontvang daar ‘n sertifikaat.

14. Beeld & Bemarking

Bemarking geskied hoofsaaklik deur goeie gedrag, professionele optredes & prestasie.

14.1 Mediaskakeling

Besondere prestasies word aan die Skolier & Rekord deurgegee vir plasing.

14.2 Kennisgewingborde

Die publiek word d.m.v. die kennisgewingborde by die hoofingang op hoogte gehou van die kultuurprestasies.

1.4.3 Sosiale media

Die nuutste uitslae word weekliks op die sosiale media geplaas.

15. Oefentye

‘n Rooster word deur die Kultuurbestuurder opgestel om botsings te voorkom.

16. Klere

Die behoefte aan klere van elke Kultuuraktiwiteit verskil. Enige toevoeging van, of wysiging van bestaande klere, moet via die Bemarkingsbestuurder aan die Klerekomitee voorgelê word.

_____ _____

DATUM: **GETEKEN**
AANVAARDING DEUR BL

_____ _____

DATUM: **GETEKEN**
GOEDKEURING DEUR DEPARTEMENT